**Liturg: Ds Johan Willemse**

**Teks**

Filippense 1:12-30

**Fokusvers:**

Filippense 1:18, 25 & 29

**Tema:**

Jesus verander ons reaksie op lyding en swaarkry.

**Datum:**

27 April 2025

1. **Inleiding**

Geliefdes in ons Here.

In ŉ boek genaamd, '*Gemartel vir Christus*' skryf die outeur van die vervolging wat hy, en ander gelowiges, deurgegaan het. Hy het in Roemenië gewoon. In 1944 het die Sowjetunie die ooste van Europa ingeneem en aan bewind gekom. Hy vertel dan hoe sy geloof in Christus tot baie swaarkry gelei het. **[LS]** Hy was in die tronk, gespot, vervolg en ernstig gemartel.

Die boek is ŉ venster waardeur ons die lewe van ŉ martelaar aanskou.

In een verhaal vertel hy oor sy tyd in die tronk. Hulle was verbied om vir ander gevangenes die evangelie te verkondig. Enigiemand wat betrap was, het lyfstraf ontvang. Ten spyte daarvan het ŉ aantal van hulle besluit om die prys te betaal en die gevolge te aanvaar. Hy sê:

"*Daar was ŉ ooreenkoms; ons het gepreek en hulle het ons gestraf. Ons was bly om te preek. Hulle was bly om ons te slaan, almal was gelukkig.*"

**[LS]** Hulle het sy liggaam geslaan, maar op ŉ manier het sy siel gejuig. Hy het ŉ vreugde gehad wat selfs die lyding nie kon vernietig nie. Wanneer ŉ mens getuienisse soos hierdie lees, en wanneer ons van Paulus se vreugde in die tronk hoor, kan ŉ mens maklik dink die mense is mal om so te reageer.

Vreugde oor lyding en swaarkry? Hoe is so ŉ reaksie gepas? Wat gebeur met ŉ mens dat jy só na swaarkry kyk? Wat verander iemand se perspektief so radikaal dat lyding en swaarkry ŉ *voorreg* word?

In vers 25 gee Paulus die antwoord. Hierdie blydskap vind ons in ons geloof. Deur die geloof kry ons ŉ nuwe perspektief om na sake te kyk en dit is waarna ons vandag gaan kyk.

2. **Liggaam**

**2.1. Perspektief vir die hede (12-18):**

In die eerste plek wys Paulus hoe die evangelie ons perspektief op **swaarkry in die hede** verander. Niemand kan in Jesus glo as hulle nie eers weergebore word as nuwe mense nie. Ons word herskep, nuutgebore met ’n ander manier om na die lewe te kyk.

Paulus illustreer dit pragtig in vers 12-18. Ten spyte van gevangeskap, onreg en vyande wat toevoeg tot sy swaarkry, skryf hy nie ’n klagbrief nie, maar ’n loflied. Hy sien alles nou deur die bril van die evangelie en dit bring hom tot ’n hoogtepunt in vers 18 wanneer Hy sê: “*Maar wat maak dit saak?... Ek is bly en ek sal my verbly.*”

En nou leer Paulus ons wat die lense van hierdie evangelie-bril is. Die eerste lens is dat Paulus nie op homself fokus nie.

***1. Paulus haal die kollig van homself af***

Paulus skryf ’n brief aan die gemeente in Filippi, omdat hulle wonder hoe dit met hom gaan. Die brief is geskryf in die styl van ’n Griekse vriendskaplike brief. Gewoonlik sal jy die persoon groet, hulle seën toewens, en dan vertel hoe dit met jou gaan. Die gedeelte wat ons saam gelees het, is op daardie plek van die brief. Maar Paulus breek die verwagting.

In plaas daarvan dat hy sê: “Dit is hoe dit met my gaan.” Sê hy: “dit is hoe dit met die evangelie-verkondiging gaan...” Of in die woorde van vers 12: “*Ek wil hê julle moet weet, broers, dat wat my oorgekom het, juis die verkondiging van die evangelie* ***bevorder*** *het.*”

Hy neem die kollig van homself af en plaas dit op Christus. Dis ’n totaal ander manier om te dink oor ons swaarkry. Dit gaan nie oor in die eerste plek oor: “*Hoe voel ek?*” of “*Hoe gaan dit met my?*” nie. Dit gaan in die eerste plek oor: “*Wat is God besig om deur my omstandighede te doen vir my of vir ander?*”

Interessant dat ons nie presies weet wáár Paulus in die tronk is nie, maar net dát hy in die tronk is. Dit gaan nie oor ‘waar’ Paulus is nie, maar ‘hoekom hy is waar hy is.’

Dan leer Paulus ons van die volgende lens:

2. ***Paulus sien die goeie in die slegte:***

Paulus sê in vers 13 dat die "*hele keiserlike wag en al die ander nou besef dat dit ter wille van Christus is dat ek 'n gevangene is.*" Dit wat bedoel is om Paulus te bind, lei na meer verkondiging. In vers 14 sê hy dat sy boeie ander gelowiges aanmoedig om die evangelie te verkondig, en dit met groter vrymoedigheid!

Paulus glo, soos hy in Romeine 8:28 skryf: *"God laat alles ten goede meewerk..."* Wat met hom gebeur, gebruik God ten goede, want meer mense hoor die evangelie! Vir Paulus is daar geen groter goed nie.

Tog is Paulus nie blind vir sy swaarkry en lyding nie. Hy is ook maar net 'n mens. Maar al sy swaarkry was 'n louteringsproses. Jare se diensbaarheid, geloofsgroei en gebed het hom gegrond in sy nuwe perspektief. Die slegte dinge wat God met hom laat gebeur beteken die Here is naby aan hom.

Die laaste lens is dat God dinge laat gebeur vir 'n groter doel.

3. ***Dinge gebeur vir 'n groter doel:***

Paulus sê dat daar mense is wat Christus verkondig, omdat hulle jaloers is en iets teen hom het. Hulle hoop dat Paulus se omstandighede swaarder sal word as hulle daarmee aanhou. Maar Paulus sê in vers 18: *"Wat maak dit saak?"* Christus word verkondig, en daaroor is "***ek bly****. En ek sal my ook* ***verder verbly****.*"

*Blydskap* is een van die kerntemas van die brief. Paulus praat 14 keer van blydskap en vreugde. **[KP]** Blydskap is 'n eienskap van 'n gelowige se lewe. Dit is ook kenmerkend van 'n persoon wat nie net in sy omstandighede vaskyk nie, maar eers na Christus kyk. Paulus sê dat die dinge wat met hom gebeur tot 'n groter doel dien en daarom is hy bly.

Om vinnig saam te vat. Om ons swaarkry deur die evangelie-bril te sien beteken:

a. Moet nie eerste op jouself fokus nie, maar fokus op Jesus Christus.

b. Sien raak die goeie wat God deur jou omstandighede doen.

c. Vind vreugde in die feit dat ons swaarkry ʼn groter doel dien.

Maar ons moet ook eerlik sê dat hierdie perspektief-verandering nie oornag plaasvind nie. Ons moet **leer** hoe om ons gemak, ons eer, of ons planne prys te gee vir God se eer. Dit kom met tyd, na baie beproewings en seerkry.

Dit bring ons by vers 18-26.

**2.2. Verlossingsperspektief vir die toekoms (18b-26):**

Die evangelie gee vir ons perspektief vir die hede, maar ook ʼn *verlossingsperspektief vir die toekoms*. Dit beteken ons kan met sekerheid voortgaan, al is ons omstandighede onseker.

Paulus is in die tronk en wag vir ʼn uitspraak oor sy lot. Hy weet nie of hy gaan lewe of sterwe nie. Dis ʼn gespanne en onseker tyd. Maar hy verbly hom nie net oor wat God nóú doen nie, hy kyk ook vorentoe na wat God *nog gaan doen*. Hy sê: "*En ek sal my ook verder verbly*, *want ek weet dat alles op my* ***redding*** *sal uitloop*."

Die woord "redding" verwys nie na ontsnapping uit die tronk nie. Hy kyk verder vorentoe na sy uiteindelike verlossing. Selfs al sou hy sterf, sal hy wen. Want dan is hy by Christus (1:23). En as hy bly lewe? Dan kan hy vir Christus verder vrugbaar arbei (1:24-25). Dit is ʼn *wen-wen situasie*.

***Vir Paulus beteken lewe: Christus***

Vers 21 verduidelik hoekom Paulus so kan dink. Hy sê: *"Om te lewe is vir my Christus, en om te sterwe is wins."*

Hy sê nie net dat hy vir Christus leef nie. Hy sê: *Lewe ís vir my Christus.* Sy bestaan is te danke aan Christus. Sy identiteit is te vinde in Christus. Daarom is die evangelie nie net ʼn bysaak nie, maar dit gee sy lewe ʼn doel, betekenis en rigting.

- As hy lewe: dan leef hy vir Christus se saak, tot opbou van die kerk (1:22-25).

- As hy sterf: dan gaan hy na Christus toe, en dit is *verreweg die beste* (1:23).

***Vrede, hoop en vertroue:***

In ons wêreld is daar baie onsekerhede bv. oor ons gesin, gesondheid, veiligheid. En hierdie onsekerheid veroorsaak **vrees**. Maar in hoofstuk 4:6-7 sê Paulus:

"*Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En* ***die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan****, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.*"

Buiten vrede het Paulus ook hoop. Hy het **hoop** dat Christus deur hom verheerlik sal word. Of dit deur sy lewe of deur sy dood is. Christus se eer is vir Paulus belangriker as sy sekerheid of sy veiligheid.

In die laaste plek het hy **vertroue**. Hy vertrou dat God in beheer is, ongeag wat gebeur. Uiteindelik is dit nie die Romeine wat sy lot behaal nie, maar die Here.

***

Voordat ons voortgaan moet ons eers na onsself kyk. Vra jouself af of jy ook kan sê: "*Om te lewe is vir my Christus*". Wie of wat het die sentrale plek in jou lewe? Wat gee jou lewe betekenis? Dit sal vir jou gou duidelik word wanneer jy deur swaarkry en lyding gaan, omdat ons die geneigdheid het om daarheen te vlug.

Maar geliefdes, as Christus jou lewe is, vlug dan na die kruis. Vind weer blydskap as iemand wat deur God verlos is (Ps. 51:14).

- Onthou dat ons toekoms veilig is in Christus.
- In Hom het ons groter vrede as die vrees wat ons beleef.
- In Hom het ons hoop in ons moedeloosheid.
- Bly vertrou dat God in beheer is en selfs as die ergste gebeur, is dit nie die einde nie. Want as Christus jou lewe is, dan is selfs die sterwe wins.

Dit bring ons by verse 27-30 uit.

### 2.3. Gedra julle waardig van die evangelie van Christus (27–30)

Tot op hierdie punt wil die Here hê ons moet perspektief kry deur Paulus se lewe as voorbeeld te gebruik. Sy optrede word ŉ riglyn vir gelowiges wat deur swaarkry gaan. Maar in vers 27 kry ons ŉ direkte opdrag: "*Gedra julle waardig die evangelie van Christus*" Wat beteken dit?

In Filippi was Romeinse burgerskap ŉ groot saak. Die stad was ŉ Romeinse kolonie, en mense was trots daarop om Romeinse burgers te wees. As ŉ burger moet jy dan ook eerbaar en fatsoenlik optree. Hulle het gereeld vir mekaar gesê: "*lewe waardig jou burgerskap.*"

Paulus gebruik daardie selfde taal wanneer hy sê dat ons onsself: "*waardig die evangelie van Christus*" moet gedra. Lewe eerbaar en fatsoenlik, nie as burgers van Rome nie, maar as burgers van die koninkryk van God (3:20).

Ons is verteenwoordigers van Christus. Ons reaksie op swaarkry en lyding moet pas by die evangelie waarin ons glo. Paulus verduidelik wat so ŉ waardige lewe behels, en hy beklemtoon spesifiek twee sake (1:27):

i. Vasstaan in een gees.
ii. Saam stry vir die geloof van die evangelie.

Sy taal is vol militêre terme. Ons moet as een leërmag vasstaan. Soos ŉ gevegslinie moet ons ŉ eenheid vorm. Ons moet ook saam stry, nie as individue nie, maar as een liggaam. Soms lyk ons lewe soos ŉ slagveld. Maar dan moet ons as gelowiges saamstaan en saamstry.

Vandag word daar baie klem geplaas op die individu eerder as gemeenskap. Wanneer gelowiges alleen staan, kan ons maklik afgeskrik word, daarom moet ons waak teen verdeeldheid (1:28).

Maar die Here sê in vers 25 dat ons lewe op **mekaar** gerig moet wees "*sodat ons kan toeneem in geloof, en blydskap kan hê.*" As jy ooit moedeloos raak, kyk of jy nie na iemand, wat deur ŉ moeilike tyd gaan, kan uitreik nie. Daar is baie blydskap in die geloof wanneer ons mekaar in liefde en eensgesindheid bystaan.

***

Voordat Paulus dan die hoofstuk afsluit, gee hy een laaste perspektief vir ons. In vers 29 sê hy: “*God het julle die voorreg gegee om Christus te dien, nie alleen deur in Hom te glo nie, maar ook deur vir Hom te ly.*”

Net soos geloof ʼn gawe is, so ook is lyding ter wille van Christus ook ʼn genadegawe. Ons swaarkry is nie ʼn bewys van God se afwesigheid nie, maar ʼn bewys van sy werksaamheid in ons. Geliefde, moet nie jou swaarkry sien as ʼn straf nie, maar as ʼn geleentheid, ja, selfs as ʼn gawe uit God se hand.

**3. Slot**

Kom ons sluit af. In die begin het ons gehoor van die lewe van ʼn martelaar. Maar in die boek lees ons ook ʼn hartroerende verhaal van twee dames.

Die twee het in die tronk ontmoet. Die eerste was ʼn ongelowige jong meisie wat ʼn vurige lid van die kommunistiese jeugliga was. Sy was ook ʼn uitgesproke ateïs en het haarself daaraan toegewy om Christene te spot en te vervolg.

In dieselfde tronk was daar ʼn Christenvrou genaamd Maria. Sy was in die tronk as gevolg van haar geloof. Die Here het dit egter so bepaal dat sy saam die ongelowige meisie in ʼn sel beland.

Ten spyte van alles wat jong meisie aan haar gedoen het, het Maria haar bly liefhê en tot die Here vir haar gebid. Hierdie liefde, en vrede het die Here gebruik om haar hart sag te maak en haar tot geloof in Hom te bring.

Haar naam was Varia, en soos Paulus, was sy net so ʼn vurige volgeling van Christus soos sy vroeër ʼn vervolger van Christus was. Dít het uiteindelik veroorsaak dat sy as ʼn martelaar na ʼn konsentrasiekamp in Siberië gestuur was.

Die Christenvrou skryf toe vir haar gemeente ʼn brief sodat hulle vir Varia kan bid. Sy skryf:

"*Ek het die geleentheid gehad om (Varia) te besoek. Sy is maar negentien jaar oud. Honger, uitgeput, mishandel. Maar haar oë... haar oë straal met die* ***vrede*** *van God en 'n anderwêreldse* ***vreugde***."

In een van Varia se laaste briewe sê sy:

"*Ek kan nie ons lewe in die konsentrasiekamp beskryf nie... maar ek wil net een ding sê: Ek dank God dat Hy my gesondheid gee en dat ek kan werk. My* ***hart loof en prys Hom****, want Hy het my gewys wat ware verlossing is. Nou het my lewe 'n doel. Ek weet waarheen ek op pad is, en vir Wie ek swaarkry....****[LS]*** *Moenie dink ek ly nie. Ek is bly, want die Here het my lief en gee vir my die* ***vreugde*** *om vir Sy Naam te ly. Ons is bly en* ***vol vreugde****, want ons loon in die hemel is groot.*"

**[LP]**

Wat gebeur met 'n mens dat jy só na swaarkry kyk? Wat verander iemand se perspektief so radikaal dat lyding en swaarkry 'n *voorreg* word?

Die antwoord is: *Die genade en liefde van God in die evangelie van Jesus Christus*.

# Amen